



PanSALB

PAN SOUTH AFRICAN LANGUAGE BOARD

OPROEP OM NOMINASIES VIR KANDIDATE OM IN DIE NEGE PROVINSIALE TAALKOMITEES (PTK's) VAN PANSAT TE DIEN, NAAMLIK: DIE OOS-KAAP PTK, VRYSTAAT PTK, KWAZULU-NATAL PTK, MPUMALANGA PTK, NOORD-KAAP PTK, NOORD-WES PTK, GAUTENG PTK, WES-KAAP PTK EN LIMPOPO PTK, IN INGEVOLGE DIE PAN SUID-AFRIKAANSE TAALRAAD-WET, NR. 59 VAN 1995, ARTIKEL 8(8)(a)

Die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) doen hiermee 'n oproep om nominasies vir kandidate om in hierdie PTK's te dien ingevolge Artikel 8(8)(a) van die PanSAT-wet, Nr. 59 van 1995, na behoorlike oorlegpleging met die Lede van die Uitvoerende Raad (LUR'e) van die onderskeie provinsies, verantwoordelik vir taalverwante sake.

Elke PTK sal uit hoogstens dertien (13) persone bestaan wat aan die volgende kriteria voldoen:

1. Moet eerstetaalsprekers – of gebruikers wees van die tale wat hulle in 'n bepaalde provinsie verteenwoordig, Suid-Afrikaanse burgers wees en in die provinsie van die spesifieke PTK woonagtig wees,
2. Oor 'n uitgebreide kennis van alle amptelike SA tale van die provinsie van die PTK beskik, insluitend:
 - 2.1 die Khoi- en Santale;
 - 2.2 Suid-Afrikaanse Gebaretaal; en
 - 2.3 Erfenistale
3. Potensiële genomineerdes moet 'n passie hê vir en 'n bydrae lewer tot taalontwikkeling deur advies te verskaf op die volgende terreine:
 - 3.1 Vertaling en tolking rakende taalsake in hul provinsies, insluitende die vestiging, samestelling en onderhoud van die databasisse daarvan.
 - 3.2 Taalstatusbeplanning en Formulering van Taalwetgewing
 - 3.3 Leksikografie- en Terminologieontwikkeling,
 - 3.4 Navorsing oor taalaangeleenthede
 - 3.5 Monitering van aangeleenthede in hul provinsie wat op Linguistiese Menseregte betrekking het. (regskennis sal 'n aanbeveling wees.)
4. Dokumente wat van potensiële genomineerdes verlang word, is as volg:
 - 4.1 'n Gesertifiseerde afskrif van SA Identiteitsdokument (ID);
 - 4.2 Gesertifiseerde afskrifte van outentieke, toepaslike kwalifikasies op die gebied van taal en navorsing
 - 4.3 'n Verkorte curriculum vitae.

Die nominasievorms is beskikbaar by al die provinsiale kantore van PanSAT en by die PanSAT-hoofkantoor in Pretoria (harde en sagte kopieë op die PanSAT-webtuisie). Die voltooide nominasievorms kan gestuur word na:

Die HUB van PanSAT: Dr RRM Monareng
Aandag: Die Hoof van die PLK's: N. Ndabezitha
Privaatsak X08
Arcadia
0003